Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

WB 26 FEB 2010

Bekommernis – hoe dit jou negatief kan maak.

- 40% van die dinge waaroor ons ons bekommer, sal nooit gebeur nie.
- 30% van die tyd is ons bekommerd oor dinge in die verlede wat ons in elk geval nie kan verander nie.
- 12% van die tyd is ons bekommerd oor ander mense se opinie van ons, wat ons in elk geval nie kan beheer nie.
- 10% van ons tyd is ons bekommerd oor ons eie gesondheid, wat dit vererger omdat ons gestres word deur daaroor te dink.
- 8% van die dinge waaroor ons bekommerd is, is wel probleme wat ons moet oplos.

Dit beteken dat 92% van alle dinge waaroor ons bekommerd is, nooit gebeur nie of buite ons beheer is! **So, why worry.....**

BELANGRIKE KENNISGEWINGS

- Hiermee doen ons 'n ernstige beroep op u om asseblief nie tydens skoolure na 'n opvoeder se klas te gaan, om daar met hom of haar oor 'n probleem te praat nie. Kontak asseblief die betrokke opvoeder en maak 'n afspraak.

- Op Vrydag, 5 Maart, **sluit die Snoepie** om 13:45 aangesien ons die naweek 'n Bruilof gaan vier. Na skool kosbestellings moet dus vroegoggend gedoen word sodat die kos net na die skool uitgekom het, uitgegee kan word. Geen kos sal, na die skool uitgekom het, verkoop word nie.
  Petro Benadé.

KOSHUISNUUS

Baie dankie aan mnr. en mev. Azar vir die heerlike mielies wat julle aan die koshuis geskenk het. Dit was 'n rein gedagte. Ons het ons vingers afgelek van lekkerte.

LANDSDIENSKAMP

Ons glo dat die Graad 4-7 Landsdienslede wat Vrydag, 26 Februarie, op 'n Landsdienskamp by Jimmy Roos, Dewetsdorp vertrek, dit baie sal geniet.
Baie dankie aan al die personeel wat hulle gaan vergesel. Julle opoffering word waardeer.

HUISEIENAARS

Wil u graag u huis verkoop of stel u belang om 'n ander huis te koop? Ondersteun ons atletiekborge: Kontak Duvenhage en Briedenhann by **051 – 4463913.**

J.F. PON-POMS het Saterdag, 27 Februarie 2010, hul eerste kompetisie vir die jaar. Hulle tree om 10:50 op. Baie sterkte aan hierdie Grondslagfase dogters en juf. Elizma. Ons is trots op julle.

GRAAD 6C PROJEKTE

Die volgende projekte word deur die Graad 6C klas aangepak:

- Verkoop van juwele – Bestelvorms kan by juf. Carina afgehaal word.
- Verkope van "Hanna Montanna" en "Ben 10" asook horlosies, plakkers, speelgoed, partytjie tafeldoeke, papierborde, bekers en servette.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

- Vir ons leerders se veiligheid word J.F. plakkers met die skool se wapen, wat helder vertoon word, teen R6,00 per plakker verkoop. Plak dit op u voertuig se ruit om sodoende vir ons kinders te wys dat u J.F. vriendelik/veilig is.
- Dinsdag, 20 April, bied die polisie 'n vertoning om 'n polisiebewusmakings projek te loods, aan. Die vertoning begin om 07:30 en koste beloop R5,00 per leerder.

Indien u enige navrae rakende bogenoemde projekte het, kontak vir juf. Carina by 0822009348.

VRYSTAAT ATLETIEK KAMPIOENSKAPPE

Die Vrystaat Atletiek Kampioenskappe vind op Saterdag, 27 Februarie, te Sasolburg plaas.
Sterkte aan ons twaalf atlete wat gaan deelneem en baie dankie aan mnr. John en juf. Amanda Fourie wat hulle gaan vergesel. Ons weet dat julle J.F. se naam hoog sal hou.

FIETSPRETTRAP : 2010

Dit is met groot dankbaarheid dat ons u kan meedeel dat ons tot dusver, met die Fietsprettrap, die mooi bedrag van R46 486,00 ingesamel het. Weer eens dankie aan een en almal wat 'n bydrae gemaak het.
Baie dankie aan mnr. Bertie Nel wat ± R2000,00 se pryse vir die fietsprettrap gekry het. Ons waardeer u hulp.

FINANSIES:

Die ouer wat Vrydagmiddag 19/02/2010 'n betaling by die kantoor gemaak het moet asseblief die kantoor kontak. Ons wil 'n dringende beroep op die ouers doen om u skoolfonds stiptelik voor die sewende van elke maand te betaal. Daar sal volgende week weer rekeninge uitgestuur word. Maak asseblief seker dat u dit kry, en onthou om die ontvangs erkenning te teken en na u kind se register onderwyser te stuur.

PUPPETS OF PRAISE : SUNLAWNS PRE-PRIMêR
Wanneer: 5 Maart. Tyd: 19:00.
Waar: Primêre Skool Wilgehof Skoolsaal, Roselaan, Wilgehof. Koste: R20 per persoon.
Verversings te koop. Vir verdere inligting kontak gerus vir Yvette 051 5227287 of Lynette by 0762809640.